Profete – Gemeente Ontwikkeling

Jan Cloete

1. Agtergrond en ontwikkeling

1.1 OT profete soos die NT hulle sien.

'n Mens sou met die ondersoek van die OT profete begin met die veronderstelling dat die NT profete/profesië 'n direkte voortsetting van die OT profete/profesië is. Vandaar dat ek dan ook met die OT profete en profesië begin het. Tog is daar 'n periode van 400 jaar waar die profetiese stem stil was en daar 'n bepaalde ontwikkeling was, wat meer aangesluit het by die apokaliptiek van daardie tyd.

'n Konkrete voorbeeld kan help:

In die sinoptici (Mt, Mk en Lk) is dit wel so dat God deur die profeet praat in die OT s'n van profesie en profeetskap, maar in Hebreërs en Petrus se briewe is dit nie die geval nie.

- Mt wys dat die profete baie detail in Jesus se lewe **voorspel** het. God het letterlik deur die mond van die profeet gepraat.
- Dit is egter nie die geval in Hebreërs en Petrus nie. Hebreërs 1:1 is εν ruimtelik te verstaan. God woon onder die profete en praat gevolglik deur hulle en is die gedagte meer hellenisties van aard, maw in terme van inspirasie soos in 2 Petrus 1:21. Mense is bloot instrumente wat God se Gees in sy diens gebruik.

Dit is daarom beter om te kyk hoe die NT self die profete hanteer het as 'n afsonderlike studie van die profete in die OT en te sien hoe die profeet en profetiese spraak in die NT ontwikkel het.

Die eerste ding wat opval in die nagaan van die profete en profesie is die aantal OT profete wat in die NT genoem word. Jesaija, Samuel, Dawid, Daniel, Joel ensomeer.

Tweedens is die OT profete die mond van God waardeur Hy praat. Hand 3:21 ελαλησεν ο θεος δια στοματος των αγιων απ, αιωνος αυτου προθψτων... of,

το ρηθεν υπο κυριου του προφητου λεγοντος is dieselfde as... So sê die Here in die OT (Lk 1:22; 2:15). Die profeet is nie die ware spreker nie, nee God praat deur die profeet. God gebruik die profeet om tot die mense te spreek.

Derdens praat die NT herhaaldelik van die **vervolging en dood van profete** aan die hand van die Jode. Hier sluit die NT aan by die **apokriewe werke** waar 'n profeet as martelaar gepopulariseer is. Die vroeë Christene en Jesus self sluit hier by die apokriewe werke aan 1 Thes 2:15. Dit is die lot van 'n profeet ... wat 'n staande uitdrukking geraak het om in Jerusalem te gaan sterf (Lk 13:33 ev; Mt 23:37). Wanneer die dissipels deur die Jode vervolg en sterf het, is hulle afstammelinge van die profete (Mt 5:12).

1.2 Johannes die Doper is 'n profeet in die OT sin van die woord.

Die Sinoptiese evangelies beskrywe sy roeping, voorkoms en prediking in die OT profetiese styl.

- **Roeping soos OT profete. Jeremia (1:1 LXX):**
  το ρημα του θεου ο εγενετο επι Ιερεμια τον του Χεκκιου. Vergelyk nou Johannes die Doper: γενετου ρημα θεου επι Ιωαννην τον Ζαχαριου υιον.(Lk 3:1).
- In sy prediking lê Johannes die Doper soos die OT profete klem op die oordeel van God en radikale bekering. Bekeer julle die byl lê reeds teen die boom se wortel (Mt 3:10).
- Wanneer die wet van God oortree word spreek Johannes die Doper Herodus aan soos die profete van ouds gemaak het... Natan vir Dawid; Elia vir Agab ensomeer.
- Hy is in lyn met die OT profete wanneer hy die toekoms vooruitskou. So is Johannes die Doper nie die een wat sou kom nie, maar die een wat na hom kom, Hy is die Messias (Mt 3:11).

Jesus as profeet.

- Die Samaritaanse vrou by die put sien Jesus as 'n profeet, omdat hy dinge van haar vertel wat verborge is. Sy het al 5 mans gehad en die een wat sy nou het is nie haar man nie. (Joh 4:17-19).
- Jesus word vergelyk met OT profete. Jesus is soos een van die ou profete (Lk 8:9).
- Jesus neem soos Johannes die Doper die boodskap op van radikale bekering. Bekeer julle want die koninkryk van die Hemel het naby gekom...Mk 3:15. Jesus het nie die Skrif uitgelê soos die skrifgeleerdes van sy tyd nie, maar met 'n Godgegewe direktheid gepraat soos die OT profete gedoen het. Jesus het geleer soos een met gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie (Mt 7:29; Lk 4:32, 36). Die verskil tussen hom en skrifgeleerdes is nie soos tussen verskillende onderwysers nie. Die een onderwyser kan 'n ding beter oordra as 'n ander nie. Nee, Hy het geleer soos een wat gesag van God ontvang het. So is sy woord gesien as God se Woord. Die term εζουσια wat min of meer beteken... So sê die Here van die OT.
- Jesus gebruik simbole soos die OT profete. Die vervloeking van die vyeboom in Mk 11:13, 20 ev is simbolies van Jesus se verwerping van Israel.
- Jesus ly soos die profete gely het. Baie van die OT profete was martelare so-ook Jesus. Telkens word egter gesê dat Jesus groter is as die profete, meer as die profete is hier (Lk 10;24, Mt 13:17).

Jesus het die werk gedoen wat profete doen.

- Jesus spreek verlossing en oordeel uit. Verlossing: Lk 6:20, Mt 11: 21 ensomeer. Oordeel soos Lk 6:24; Mt 11:21.
- Jesus het visioene, stemme gehoor en ekstatiese ervarings gehad. Jesus sien die hemel geopen by sy doop. Hy sien die duif neerdaal op Hom. Jesus hoor

'n stem vanuit die hemel. Jesus is deur die HG gegryp en het met inspirasie gepraat. ηγαλλιασατο τω πνευμαι αγιω.... Lk 10:21

- Jesus het bonatuurlike kennis. Hy ken die gedagtes van die farisieers επιγνους Mk 2:8; Lk 5:22 of ειδως.
- Hy weet ook dinge vooruit… soos dat hy in Jerusalem gaan sterf. Hy weet ook van die donkie se vul waarop hy gaan ry (Mk 11:2).

Kerkprofete

- God maak deur hierdie charismatiese predikers sy verlossing aan mense bekend. Die profeet weet iets van die goddelike misterie (geheimenisse) 1 Kor 13:2. Om die geheimenisse van God te verstaan is die gawe wat God aan die profeet gee.
- Sien die toekoms in. So sien Agabus die groot droogte wat oor die wêreld gaan kom Hand 11:28. Paulus voorsien sy lot in Jerusalem.
- Profete spreek hulle uit oor alledaagse sake. Oor wat God wil hê die gelowiges moet doen. So word Paulus en Barnabas op sending uitgestuur nadat hulle deur 'n profesie vir die taak uitgewys is (Hand 13:11 ev.) Timoteus is tot die bediening geroep deur profesie.
- Die profeet bemoedig ander wat beledig is. Hand 15:32.
- Die profeet praat met Godgegewe gesag en gee instruksies. Die profete is gelowiges wat gawes van die Gees ontvang het om God se gemeente op te bou. 1 Kor 12:8. Hierdie gawe wat die HG aan van die gemeente mense gee verskil van die gawe van die HG wat God aan alle gemeentelede gee. In Hand 2:4; 4:31 ea. is die inwoning deur die HG, alle gelowiges se deel. Alle gelowiges het die HG, maar nie alle gelowiges het die gawe van profesie nie. Alle gelowiges is geroep om Christus voor mense te bely, maar alle gelowiges het nie die gawe van profesie nie.
- 'n Profeet het die genadegawe ontvang om goddelike insig in God se misterie te hê, om so deur die HG geïnspireer te wees en om goddelike woorde te spreek wat insig in God se wil gee. In Ef 3:5 sê Paulus dat die profete insig het om dinge oop te maak wat die vorige geslagte nie gesien het nie.

Tog is daar veral twee verskille tussen die NT en OT profete.

- In OT het die profeet alleen die HG gehad, maar in die NT het die gemeente die HG. Die HG het oor almal gekom in Handelinge 2, daarom is die profeet se spreke onderworpe en moet dit beoordeel word deur die gemeente (1 Kor 14:29; 1 Jh 4:1; 1 Th 5:21).
- Die profetiese gawe maak deel uit van die gawes wat almal onder die beheer en toesig van die HG val (1 Kor 12: 8 ev). Die profeet staan daarom nie bo die ander lede van die gemeente nie, maar soos almal wat gawes van die HG ontvang het, is hy 'n lid daarvan. Die profeet het net 'n gawe tussen nog gawes.
- Tog is die gawe van profesie 'n baie belangrike gawe. Paulus verkies die gawe van profesie bo al die ander gawes (1 Kor 14:1). In 1 Kor 12 kry ons die gawes, 1 Kor 13 dat die gawes net in liefde kan werk en 1 Kor 14 die belangrikste gawe naamlik die profesie. So word die profete telkens direk na die apostels genoem 1 Kor 12:28; Ef 2:20; 3:5; 4:11 ens. Die profeet maak die

openbaring van God oor Jesus Christus bekend. Die Christene het nie Jesus se woorde opskrif gehad nie, maar mondelinge oorleweringe oor Jesus en die LXX. wat die Christene se OT was, wat hulle gebruik het om Jesus Christus se koms te voorspel, sy profeetskap te verkondig en as God, hieruit (LXX) bewys.

2. Nuwe Testament.

Die charismatiese struktuur van die NT se kerk.

Daar is veral 2 redes waarom die bedieningstruktuur van die NG kerk nie charismaties/gawe gedrewe is nie.

2.2.1 Ampsgeoriënteerde bediening.

Lees net die formulier oor die **bevestiging in die ampte, die KO en kyk na die afgevaardides na vergaderings.** Die hele bedieningsstruktuur is ampsgeoriënteerd. Die leiding en bestuur van die kerk vind vanuit die ampte plaas. Dit sluit ander leiding van lede van die liggaam van Christus in 'n hoë mate uit.

2.2.2 Verskraalde Skrifhantering

Die hele siening oor die ampte soos ons dit tans het, is hoofsaaklik gebaseer op die Pastorale briewe. Die res van die NT het feitlik geen rol gespeel nie. Hierdie aanname blyk uit die volgende Skrifgegewens.

- **Die oudste NT dokumente,** is 1 en 2 Thes en 1 Kor. Geen ander NT geskrif gee soveel inligting oor **die binnewerke van die kerk as die briewe nie.**
- **Nêrens** praat dié briewe van ouderlinge nie, van die bevestiging of oplê van hande van die ampte nie. Die briewe praat wel van gawes (charismata/en pneumatika) geestesgawes aan **elke christen** na die mate van geloof gegee is. Die brief 1 Kor gee ook hoofstukke inligting oor die charismatiese struktuur van die kerk, teenoor verskraalde inligting in die Pastorale briewe.
- **Daarteenoor is** die Pastorale briewe **laat geskrifte** met sterk klem op die ampte. Die HG is meer verbind aan die ampte as teenoor elke lidmaat met gawes wat die HG gee. Nêrens kom die term geestesgawes in die Pastorale briewe voor nie. Die term charismata word net op twee plekke gebruik en elke keer mbt die ampte. (1 Tim 4:14; 2 Tim 1:6).
- Die teologie verskil duidelik van Paulus se teologie. Paulus het die tradisie goed nagevors (vgl 1 Kor 11:23) by nagmaal en (1 Kor 15:3) oor die opstanding. Paulus se weergawe is 'n redelike noukeurige weergawe van die funksionering van die kerk in sy vroeë geskiedenis.
- Paulus se briewe sluit baie nou aan by die evangelies. Die evangelies het ook die charismatiese struktuur geken byv Mt en Mk16:17.
  σημεια δε τοις πιστευσασιν ταυτα παρακολουθησει. εν τω ονοματι μου δαιμονια ε κβαλουσιν, γλωσσαις λαλησουσιν καιναις. Vgl Paulus verder in hierdie verband in 1 Kor 14:26, Ef 5:15 en Kol 3:16.

Konklusie: Die gawes wat die HG aan gelowiges gee het om hierdie redes ‘n ondergeskikte en selfs geen rol in die teologie en in ons gereformeerde kerkwees gespeel nie. Die hele Skrif het nie ‘n rol gespeel in ons verstaan van gemeentebediening nie.

Daar is drie misverstande oor die Gawes wat ‘n mens uit die weg moet ruim.

Vraag 1. Was die geestesgawes ‘n uitsonderlike of alledaagse verskynsel?

Het ons met ‘n streep teologie te make dws die gawes is net gegee vir die vroeë kerk in sy ontwikkelings- en vestigingsfase of is die gawes ook vir die kerk vandag en vir alle eeue bedoel?

Dit was uitsonderlike tye **sal sommige dadelik sê en verwys na wonderwerke; duiweluitdrywinge spreke in tale….** Die Geestesgawes was net vir toe bedoel. Boonop word verwys na die ekstase by die Orakel van Delphi waar mense in beswyming tale gepraat het asof hierdie spreke in tale daarmee verband hou.

Paulus verbied nie die tale spraak of die werking van die gawes nie.

Hy sien dit as deel van die gawes wat die HG skenk en hyself beoefen byvoorbeeld die gawe van spreke in tale 1 Kor 14:18. Hy wys egter op die feit dat dit minder belangrik is in vergelyking met profesie wat nie die enkeling, maar die hele gemeente opbou.

In Rom 12:6-8 word die spreke in tale as gawes nie genoem nie. Hy beskou die gawe van spreke in tale as minder belangrik.

Hy vervang die woord χαρισματα wat in die hellenistiese wêreld vir hierdie bonatuurlike werkinge gebruik word met die term πνευματικων in 1 Kor 12:1; 14:1 om die breek met hellenisme aan te dui en die gawes wat die HG gee daarvan te onderskei. So wys Paulus daarop dat daar ook valse geeste aan die werk is. Daarom moet tussen die HG en valse geeste se werkinge onderskei word. Een van die gawes wat die HG gee is juis om hierdie onderskeid te kan maak 1 Kor 12: 10. Paulus lê veral twee norme aan om te kan onderskei **tussen die HG en valse geeste se werking:**

1. Wie die werking van die HG ervaar moet kan sê Jesus is die Here (1Kor 12:2). Alleen in die Gees kan ‘n mens sê dat Jesus die Here is. Die HG bind mense aan Jesus en Jesus is die kern van die gemeente se prediking en lewe.
2. Die gawe moet dien tot opbou van die gemeente. Die gawe is nie bloot ‘n wonderwerk nie. Die HG gee gawes om gemeente op te bou. 1 Kor 12:7.

In Rom 12: 6-8 en 1Kor 12:28 ev noem Paulus ‘n klomp ander gawes: aanmoedig; diens doen; leer; wysheid; onderskeiding van geeste; hulpverlening; administrasie… Sonder die gawes kan die kerk doodeenvoudig nie voort

bestaan nie. Christene moet die belangriker gawes soek 1 Kor 12:31. Kom ek wys julle nog ‘n belangriker gawe sê Paulus… liefde 1 Kor 13. Sonder liefde beteken al die ander gawes niks nie 1 Kor 13:1-3.

Konklusie: Gawes is vir die kerk bedoel vir alle tye en vir die daaglikse bestaan van die kerk.

Vraag 2.

Eenvorigheid of verskeidenheid?

Baie gelowiges dink daar is net een besondere gawe aan die kerk gegee. Dit is die tweede misverstand. Mens dink dat die enigste gawe wat vandag nog bestaan is die gawe **waarop die hande gelê word. 2 Tim 1:6; 2 Tim 4:14.**

Paulus se briewe ken die gebruik en die ordening van ‘n amp glad nie. Paulus sou nooit die HG en sy werking so in ‘n “blik” kon druk nie.

- Die oorvloed wat die HG gee en sy werking is te belangrik en ‘n groot variasie van gawes is te bespeur (1 Kor 12:28-31; Rom 12:6-8; Efes 4:11 ev)
- Die lysie eindig nie daar nie. So word lyding ook byvoorbeeld as ‘n genadegawe gesien 2 Kor 4:7-12; Kol 1:24. So is daar talle ander sake wat Paulus ook as genadegawes sien.

‘n Charismatiese gawe **is iets anders as ‘n talent** wat ‘n persoon het om byvoorbeeld musiek te speel; wiskunde te doen …. hierdie gawes het jy of jy het dit nie.

Charismata is geskenk, toebedeel met die **oog op diens aan die gemeente**. Dit is nie ‘n natuurlike talent nie, maar die HG wat dit skenk uit genade met die oog op diens in sy gemeente. ‘n Gelowige beskik nie oor dié gawe soos oor ‘n talent nie. Die HG gee en neem dit soos benodig. ‘n Talent word jy meegebore, maar ‘n gelowige word geroep om ‘n taak te verrig en die gawe gegee as toerusting om sy roeping mee uit te voer.

Konklusie:

Die HG gee ‘n verskeidenheid van gawes aan gelowiges wie die HG roep om die gemeente op te bou. Hierdie gawes gee die HG aan die gelowiges sodat die gelowiges in staat sal wees om aan hulle roeping uitvoering te gee.

Vraag 3. Gawes: alleenlik vir net ‘n paar of vir almal gegee?

Dit is ‘n misverstand om te dink dat die gawes net vir ‘n paar mense beskore is. Dat al die gawes aan ‘n ouderling/ predikant gegee is toe hy/sy bevestig is. Dit is ‘n groot fout om die volgende 4 redes.

1. In 1 Kor 12:28 ev. kom Paulus met ‘n retoriese vraag: is almal apostels… ? Die antwoord daarop is duidelik. Natuurlik nie. Daar is ‘n verskeidenheid van

gawes wat God aan verskillende mense gegee het. Almal het nie dieselfde gawes nie.

2. In Efese 4: 11 gee God verskillende mense as gawes aan die kerk. God gee aan

die kerk apostels, tweedens profete, ... doel van die gee van die gawes? Dat die

mense wat God as gawe aan die kerk gegee het die gelowiges moet toerus (vers 12),

sodat die gelowiges hulle werk kan doen en die gemeente kan opbou.

3. Boonop word die gawe van leierskap tweede laaste genoem by Paulus en is dit nie

so op die voorgrond of belangrik by hom nie. So vra Paulus in 1 Kor 12:28: Is almal apostels, almal profete...? nee. Paulus noem dan die gawe van leierskap tweede laaste. κυβερνησεις (leierskap) ...die kuns om 'n boot te stuur. So word die **leiers word nooit 'n groep wat oor ander regeer nie.** Die leiers word nooit 'n groep wat hulle afskei van die gemeente, bokant die gemeente uitstyg om sodoende oor die gemeente te regeer nie. **Paulus vermy doelbewus terme wat in die hellenistiese wêreld vir leiers gebruik word. Sulke terme soos** αρχη, τελος, want die terme druk baasskap uit. Paulus gebruik deurgans die term διακονια **(diens).** Gelowiges is geroep om mekaar te bedien en die gemeente op te bou met die gawes wat die Here gee. Omdat alle gawes ook die van apostels wees ensomeer deel is van die **charismata/gawes** wat God aan die kerk gee, kan die ampte as gawe nie oor die ander genadegawes heers nie. **Ampte is bloot 'n onderdeel van die gawes**.

4. **Gawes is aan elke lidmaat gegee soos die HG wil.** Daar is net een in beheer en een Hoof en dit is die HG. Die Gees is op alle vlees uitgestort (Hand 2.) Wie deel aan die HG het, het deel aan die genadegawes.

Konklusie:

Konklusie: Niemand kan alles in die kerk wees nie. 'n Gemeente is nooit 'n eenmans "band" nie.

3. Die NT en die profetiese gawe

3.1 Die term profesie

Die woord προφητευω het verskillende betekenisse:

- Om die boodskap wat God aan die profeet gee te verkondig. 1 Kor 14:1, 4.

- Profeet ken die toekoms: ‘ to foretell” Die OT profete volgens die NT kon die toekoms vooruitsien (1 Petrus 1:10-12) Woorde soos προεηαγγελλεσθαι (Rom 1:2); προραν (Hand 2:31); προειπεν; προμαρτυεσθαι.... to tell in advance. So dui die prediking van al die profete vooruit na Christus Hand 3:24
- Om aan die lig te bring iets wat bedek was. Mk 14:65; Mt 26:68.
- By Paulus het die woord hoofsaaklik etiese of aanmoedigende betekenis. Dui op lering; bemoediging of vermanende betekenis 1 Kor 14:3, 31.
- Oordeel en bekering Open 11:3, 10.

Die abstrakte naamwoord προφψτεια ....profesie se gebruik

- Paulus gebruik die term onder die gawes 1 Kor 12:10; 13; 2.
- Die woord kan ook die woord wat ‘n profeet spreek aandui 1 Kor 14:6; 22.
- Voorspelling aandui Mt 14:13; 2 Petrus 1:20. Veral die boek Openbaring gebruik hierdie vorm.

Die term profesie het nie net met een bepaalde vorm van betekenis te make byvoorbeeld voorspel nie. Profesie het met **verskeie betekenisvelde te make** afhangende die konteks waarin dit gebruik word.

3.2 Die Korinthiërsbrief en profesie

Die verband waarin die term profesie in die 3 hoofstukke (1 Kor 12-14) voorkom is as volg.

- Volgens hoofstuk 12 gee die HG genadegawes aan die kerk. Al die gawes het hulle oorsprong in een en dieselfde gewer: God self deur sy Gees.
- Al die gawes is onderworpe aan een en dieselfde wet, die wet van liefde (hoofstuk 13). Die liefde is die wyse waarop die gawes moet funksioneer (1-4)
- Al die gawes het een en dieselfde doel: die opbou van die gemeente. Volgens hoofstuk 14 is die doel van die gawes en met name profesie as fokuspunt, die opbou van die gemeente. Die maatstaf vir ‘n geestelike gawe is of dit die gemeente opbou of nie.
- Hierdie term opbou is die tema van hoofstuk 14: 3, 4, 5, 12, 17, 26. In die erediens verkies Paulus profesie omdat dit verstaanbaar is en mekaar help opbou.(3) Daarom, in die gemeente sê Paulus praat hy eerder 5 woorde met die verstand spreek as 10000 in ‘n taal. 10000 is die grootste getal in die griekse getalle sisteem. Paulus sê hy praat eerder 5 woorde met sy verstand (in terme van profesie) as ‘n oneindige getal in ‘n taal.
- Profesie het ‘n evangelistiese karakter (20-25). Teenoor die gebrabbel van die tale spraak is die getuienis karakter van die profesie (23). Die gebruik van die gawe kan die buitestander tot geloof in God bring, na God lei. Paulus lê klem op die getuieniskarakter van die profestiese gawe.

Paulus gebruik hier terme in verband met profesie soos verstaanbaar en opbou. Profesie het dus met ‘n mens se denke te make. Profesie het ‘n duidelike getuieniskarakter waar dit mense na God kan lei.

3.3 Begrippe en terme om profesie in die NT nader aan te dui.

3.3.1 Valse profeet

Valse profete is mense wat op profeetskap aanspraak maak sonder enige waarheid wat die aanspraak ondersteun. Die persoon sê hy/sy is 'n profeet, maar is dit nie.

3.3.2 Alle profesie rus op openbaring (αποκαλυπτω 1 Kor 14:30).

Die openbaring in 1 Kor 14:26 is vir die profeet gegee en wat die profetiese verkondiging word in die gemeente. Daar is dus 'n noue band tussen profetiese woord en openbaring (vgl ook Ef 3:5; 1 Petrus 1:10-12).

Wat is die verband tussen die profetiese woord en die openbaring? Die openbaring wat die inhoud van die profetiese woord vorm, kan nooit meer wees as wat Jesus self kom openbaar het nie.
ο δε παρακλητος, το πνευμα το αγιον ο πεμφει ο πατηρ εν τω ονοματι μου, εκεινος υμα ς διδασξει παντα και υπομνησει υμας παντα α ειπον υμιϖ. Joh 14:26.

Die HG is gebind aan die Woord. Wie dus net op die HG wil vertrou, los van die Woord val in allerlei geestelike probleme.

Aan die anderkant kan 'n kerk wat net op die Woord vertrou en die HG reduseer tot die Woord, maak van die Woord 'n papier pous. God is groter as die Woord. Die Woord kan nooit God omvat nie.

3.3.3 Lering en profesie

Profesie is nie dieselfde as lering nie.

- Leraars lê die Skrif uit, koester die tradisie oor Jesus Christus en verduidelik die basiese hoekstene van die geloof.

Profete het egter die gawe ontvang om die kerk sy eie sonde te laat raaksien met besondere insig in die geregtigheid van Christus en oordeel. Die profeet ontvang nie nuwe openbarings nie, nuwe leerstellings of nuwe beloftes nie, wat groter en meer is as wat Jesus self sou gesê het nie. Die genadegawe van profesie wat die HG gee is nie om die kerk in nuwe waarheid te lei nie, maar in die volle waarheid, die hele waarheid oor Jesus Christus (Joh 16).

Die HG sal ook nie 'n profeet lei om 'n nuwe openbaring oor Jesus te hê nie, maar dat wat Jesus gesê het in 'n nuwe lig stel. Om dinge in te sien oor Jesus Christus, oor sy kerk wat nie van te vore raak gesien is nie. Jesus het ons mos nie onvoldoende geleer dat die HG nou aanvullingswerk moet doen nie, maar die evangelie van Jesus Christus moet hier en nou grondvat. Die HG gee hierdie gawe aan sy kerk in die profeet.

- Die leraar neem die verlede in ag en gee dan rigting aan die hede.

Die profeet kyk direk na die toekoms en bring regstelling aan die gemeente se rigting vanuit die toekoms.

3.3.4 Evangelisasie en profesie.

Breedweg kan ‘n mens die gevolgtrekking maak:

- Evangelisasie is gerig tot die **ongelowiges** wie nog nie die boodskap van Jesus gehoor het nie.

Profesie is gerig tot die **gelowiges** in die gemeente. Profesie wil die gelowiges opbou in die geloof. Profesie wil God se wil aan die gelowiges en die wêreld bekend maak 1 Kor 14.

Samevatting:

1. **Die profetiese gawe bestaan vandag nog.** Die gawes is bedoel vir die opbou van die kerk. Die feit dat die gawes nie funksioneer of gebrekig funksioneer is agv bepaalde keuses wat die kerk gemaak het deur die Pastorle briewe te oorbeklemtoon. Dit het daartoe gelei dat die hele Skrif nie tot sy reg kom in die kerk nie en ‘n verskraalde siening van die gawes asof net die gawes van die ampte nog deur die HG instant gehou word.
2. **Daar is ‘n verskeidenheid van gawes aan die kerk gegee.** Die ampte of selfs leierskap is bloot deel van die gawes. Die NT kerk ‘n sterk charismatiese bedieningstruktuur gehad.
3. **Die HG gee aan almal gawes en nie net aan ‘n paar persone wat met die ampte gemoeid is nie.** Die gawes staan daarom nie teenoor mekaar nie, maar aanvullend tot mekaar met die oog op die opbou van die gemeente.
4. **Die profetiese gawe speel ‘n belangrike rol in die bediening (1 Kor 14).** Daar is besondere kenmerke verbonde aan die profeteise gawe/ profeet. Omdat die gawe deel uitmaak van die gawes en die HG aan die gemeente sy Gees gee, moet die profesie / profeet deur die gemeente beoordeel word.